

Amos 1

1 Die woorde van Amos, een van die skaapboere uit Tekóa, wat hy gesien het aangaande Israel in die dae van Ussía, koning van Juda, en in die dae van Jeróbeam, die seun van Joas, koning van Israel, twee jaar voor die aardbewing. 2 En hy het gesê: Die HERE brul uit Sion en verhef sy stem uit Jerusalem, sodat die weivelde van die herders treur en die top van Karmel verdor.

3 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Damaskus, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle Gílead met ysterdorssleë gedors het. 4 Daarom sal Ek 'n vuur slinger in die huis van Hásaël, en dit sal die paleise van Bénhadad verteer. 5 En Ek sal die grendel van Damaskus verbreek en die inwoners uit die laagte van Awen uitroei en die wat die septer dra, uit Bet-Eden, en die volk van Aram sal in ballingskap gaan na Kir, sê die HERE.

6 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Gasa, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle 'n ganse bevolking in ballingskap weggevoer het om dit aan Edom uit te lewer. 7 Daarom sal Ek 'n vuur slinger in die muur van Gasa, en dit sal sy paleise verteer. 8 En Ek sal die inwoners uit Asdod uitroei en die wat die septer dra, uit Askelon; en Ek sal my hand teen Ekron uitstrek, en die oorblyfsel van die Filistyne sal omkom, sê die Here HERE.

9 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Tirus, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle 'n ganse bevolking as ballinge aan Edom uitgelewer het en nie gedink het aan die broederverbond nie. 10 Daarom sal Ek 'n vuur slinger in die muur van Tirus, en dit sal sy paleise verteer.

11 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Edom, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hy sy broer met die swaard agtervolg het en sy jammergevoel verstik het, sodat sy toorn altyd verskeur en hy gedurigdeur sy grimmigheid behou. 12 Daarom sal Ek 'n vuur slinger in Teman, en dit sal die paleise van Bosra verteer.

13 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van die kinders van Ammon, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle die swanger vroue van Gílead oopgesny het om hulle grondgebied uit te brei. 14 Daarom sal Ek 'n vuur aansteek in die muur van Rabba, en dit sal sy paleise verteer, met krygsgeskreeu op die dag van stryd, in 'n storm op die dag van die orkaan. 15 En hulle koning sal in ballingskap gaan, hy en sy vorste tesame, sê die HERE.

'n Samestelling van Amos 1

1:1-2	Inleiding
1:3-6:14	Profesieë
1:3-2:16	Profesieë teen die nasies
1:3-5	Teen Aram (Damaskus)
1:6-8	Teen Filistea
1:9-10	Teen Tirus
1:11-12	Teen Edom
1:13-15	Teen Ammon

Amos 1:1-2 – Inleiding

1 Die woorde van Amos, een van die skaapboere uit Tekóa, wat hy gesien het aangaande Israel in die dae van Ussía, koning van Juda, en in die dae van Jeróbeam, die seun van Joas, koning van Israel, twee jaar voor die aardbewing.

2 En hy het gesê: Die HERE brul uit Sion en verhef sy stem uit Jerusalem, sodat die weivelde van die herders treur en die top van Karmel verdor.

Die woorde van Amos, een van die skaapboere uit Tekóa, wat hy gesien het aangaande Israel – Die woorde wat in hierdie boek neergeskryf is, is die profesieë wat die Here aan Amos gegee het om te spreek. Alhoewel dit die Here se woorde is wat deur Amos gespreek is, het die Here hierdie woorde so deel van Amos gemaak dat gesê kan word dit is die woorde van Amos. Die Here het Amos opgeneem in sy diens en Amos met Homself vereenselwig.

Amos was 'n skaapboer – een van verskeie skaapboere uit Tekoa. Amos kom dus nie uit die deel van die volk van wie 'n mens sou verwag dat hy die woorde van die Here sal verkondig nie – hy is nie uit die stam Levi uit wie die priesters van die Here afstam nie. Hy was ook nie iemand wat in 'n sogenaamde profetesekool onderrig ontvang het nie (Amos 7:14). Hy is 'n eenvoudige boer – 'n veewagter en kweker van wildevyebome (Amos 7:14).

Die Here het dus vir Amos agter die kleinvee gaan weghaal en hom aangesê om aangaande die volk van die Here te gaan profeteer (Amos 7:15). Amos is een van verskeie mense wat die Here so agter die kleinvee en uit hulle gewone werk gaan

weghaal het. Moses en Dawid is ook agter die kleinvee weghaal (Eks 3:1; Ps 78:70). Elisa is agter die span osse weggehaal toe hy besig was om te ploeg (1 Kon 19:19). Petrus en Andreas is van hulle visserskuite weggehaal om dissipels van Jesus te wees (Matt 4:18).

Die Here kan gebruik wie Hy wil om sy Woord aan sy volk te bring. Alhoewel Amos nie in 'n profeteskool toegerus is om die Woord van die Here uit te lê en te verkondig nie, is hy deur die Here in diens geneem en die opdrag gegee om te gaan profeteer. Die Here is inderdaad soewerein in die uitvoer van sy besluite.

Tekoa was 'n dorp wat sowat sestien kilometer suid van Jerusalem in Juda geleë was. Tekoa was redelik hoog geleë sodat die inwoners die Olyfberg na die noorde kon sien.

Alhoewel Amos in Juda woonagtig was, het die Here hom as profeet aangestel en gebruik om woorde aangaande Israel te spreek. Met die verskeie verwysing na Samaria (vyf keer in die boek) en ander plekke in die Noordelike Ryk terwyl Sion net twee keer genoem word, is dit duidelik dat Israel in hierdie boek nie na die hele verbondsvolk van die Here verwys nie, maar na die Noordelike Ryk wat bekend was as Israel waar Jerobeam die seun van Joas koning was.

Die woorde van Amos is die woorde wat hy gesien het aangaande Israel en nie gehoor het aangaande Israel nie. Die laaste drie hoofstukke van die boek bevat vyf gesigte wat Amos gesien en die Here vir Hom uitgelê het. Die woord *gesien* verwys na daardie vyf gesigte maar ook na alles wat Amos verkondig het. Die woorde van die Here was so duidelik dat Amos dit as't ware kon sien soos wat die Here dit aan hom gegee het om te verkondig.

In die dae van Ussía, koning van Juda, en in die dae van Jeróbeam, die seun van Joas, koning van Israel, twee jaar voor die aardbewing – Hier is 'n baie duidelike aanduiding wanneer Amos as profeet opgetree het. Eers is daar die breë aanduiding met die twee konings se name en dan 'n baie meer spesifieke aanduiding met die verwysing na die aardbewing.

Ussia – ook bekend as Asarja (2 Kon 15:1) – het van 792 tot 740 vC in Jerusalem as

koning geregeer. In 2 Konings 15:1-7 en 2 Kronieke 26:1-23 beskryf die Here die regeringstyd van Ussia.

Jerobeam – ook bekend as Jerobeam II – het van 793 tot 753 vC in Samaria as koning geregeer. In 2 Konings 14:23-29 beskryf die Here die regeringstyd van Jerobeam.

Die aardbewing waarvan hier melding gemaak word, het 'n so 'n groot indruk gemaak op die volk van die Here dat dit vir baie eeue later nog onthou is. Sagaria verwys ook na die aardbewing wat in die tyd van koning Ussia plaasgevind het (Sag 14:5). Argeologiese getuienis uit die omgewing van Samaria dui op 'n hewige aardbewing in Israel omtrent 760 vC. Dus kan 'n mens Amos rofweg plaas tussen 792 en 762 vC. In 722 vC is Israel – die Noordelike Ryk – in ballingskap weggevoer deur die Assiriërs.

Hier (Amos 1:2) begin die woorde wat Amos gespreek het in diens van die Here. **Die HERE brul uit Sion en verhef sy stem uit Jerusalem.** Aan die begin van die profesieë teen die verskillende nasies hoor ons dat die Here brul. In Amos 3:8 hoor ons weer: **Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?** Hierdie tweede keer wat daar gesê word dat die Here gebrul het, is dit aan die begin van die reeks strafredes (Amos 3:1-6:14) teen Israel self.

In Joël 3:16 word ook genoem dat die Here uit Sion brul. In Joël 3 word die oordeel oor die nasies rondom Juda en Jerusalem geprofeteer met die vergesig na die laaste dag van oordeel. Die Here laat sy magtige stem hoor in die rol van die donder. En sy donderstem klink soos die gebrul van 'n leeu. Die gebrul van 'n leeu laat die rillings teen 'n mens se ruggraat afgaan. Wanneer daar gesê word dat die Here brul, is dit teken van sy oordeel wat uitgespreek gaan word. Van skrik oor wat gesê gaan word, sal 'n mens verstyf.

Die Here laat sy stem uit Sion en Jerusalem hoor. Sion en Jerusalem is die plek wat die Here gekies sy Naam sal woon. Dit is hier waar die verbondsvolk van ouds die Here met hulle offers kom dien. Dat die Here vanuit Sion en Jerusalem sy stem laat hoor, wil nie sê dat die Here net oor Jerusalem en Juda regeer nie. Sy stem word gehoor by al die nasies rondom Jerusalem – van die naaste tot die verste – want die

Here regeer oor die ganze aarde. In Israel – die Noordelike Ryk – was Dan en Bet-el die aanbiddingsplekke gewees wat Jerobeam die seun van Nebat opgerig het (1 Kon 12-13). Die Here se stem wat uit Jerusalem weerklink, beklemtoon die afvalligheid van Israel met hulle afgodery in Dan en Bet-el.

Wanneer die Here sy stem vanuit Sion en Jerusalem laat hoor, spreek Hy as die Verbondsgod. Dit gaan dus vir die Here oor sy verbond wat Hy met sy volk in besonder begin het. Regdeur die boek word die Verbondsnaam – HERE – gebruik.

Die doelwit van die Here se woorde vanuit Sion en Jerusalem is, **sodat die weivelde van die herders treur en die top van Karmel verdor**. Die geklank van die Here se stem bring oordeel.

As skaapboer weet Amos hoe noodsaaklik weivelde vir die vee is. As die Here sy oordeel oor die land bring, het dit 'n verwoestende effek. Die Here kan sy oordeel bring deur vyandige volke of deur bloot net die reën terug te hou en dan treur die weivelde. Die hele samelewing word daardeur geraak.

Karmel is die berg waar Elia die Israeliete en die Baäl priesters laat sien het dat die Here die enigste God is. Elia het lank voor Amos opgetree as profeet, ongeveer honderd en tien jaar. Deur Karmel te noem en te sê dat die Here se oordeel ten doel het om die top van Karmel te verdor, herinner Amos die Israeliete aan die Here se oorwinning oor die afgodery in die dae van Elia. Droogte was een van die strawwe wat die Here gesê het Hy oor sy volk sal bring as hulle ontrou word aan die verbond (Deut 28:20-24).

Amos 1:3-6:14 – Profesieë

Amos 1:3-2:16 – Profesieë teen die nasies

Die Here is nie 'n lokale stamgod nie. Hy is Here en Regter oor alle nasies. Hy is die universele Koning en Regter. Die aankondiging van sy oordele begin verweg by die profesieë teen die nasies en dit eindig by Israel (Amos 1:3-2:16). In die oordele oor die nasies word God se heerskappy oor die wêreld bewys. As soewereine Heerser en Koning roep Hy die nasies tot verantwoording. Die nasies sal in die dag van die Here nie vrykom nie. Onreg sal nooit ongestraf gelaat word nie.

Die formule waarin die profesieë teen die nasies uitgespreek word is almal dieselfde. Telkens kondig die Here aan dat Hy as die Verbondsgod van Israel hierdie profesieë van oordeel uitspreek - **So sê die HERE**. Die Here van die verbond is immers ook die Regter oor die handhawing van die verbond.

Die volk het hulle graag op die verbondsbeloftes verlaat. Hulle het verwag dat die Here hulle ten spyte van hulle swakhede en sondes altyd sou bewaar en hulle vyande sou vernietig. As die bedreiging uit die noorde swaarder word, het hulle uitgesien na die dag van die Here. Op dié dag – so het hulle verwag – sou die vyande vernietig word. Terwyl hulle hulle nog verlekker oor die dag van die Here wat die vyande moes tref, word aangekondig dat die oordeel oor hulle self sal losbars.

Die Here sal Hom wreek op die volk met wie Hy sy verbond gesluit het. Die Here van die verbond vergelyk Homself met 'n leeu wat brul (Amos 1:2; 3:8). Die volk sou nie die vriendelike aangesig van die Here sien nie maar met sy oordelende geregtigheid kennis maak. Hy is die Regter van die verbond wat die volk beoordeel en veroordeel.

Die volk sal sy oordele in die natuur kan waarneem. As die Here brul treur die weivelde (natuurrampe en die verlatenheid gedurende die ballingskap). Die volk sal self verwerp word en sal moet vlug.

Afgesien daarvan dat die Here Homself telkens aan die begin van die profesieë teen die nasies bekend maak as die God van die verbond begin die Here die profesie met die volgende woord: **Oor drie oortredinge van Damaskus (Gasa, Tirus, Edom, Ammon, Moab, Juda, Israel) ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie.**

In hierdie woorde hoor 'n mens die Here se lankmoedigheid. Een sonde is al genoeg vir die straf wat die Here aankondig. Maar die Here is egter geduldig. Hy gee enersyds geleentheid sodat elkeen van die nasies van Hom kan hoor. Hulle moet weet dat Hy alleen God is in die hemel en op die aarde. Andersyds gee die Here ook ruimte dat die nasies se sonde vol kan word. Wanneer die Here uiteindelik met sy oordeel en strafgerig kom, is daar by niemand twyfel dat die Here regverdig in sy optrede is nie.

Die uitdrukking - **Oor drie oortredinge van ..., ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie** – beteken nie dat die nasies net drie oortredinge begaan het en die Here sommer nou maar net 'n vierde een uitdink nie. Hierdie uitdrukking sê eenvoudig dat die een sonde na die ander sonde begaan is. Drie is normaalweg 'n getal van volheid in die Bybel. Om nou *vier* by die *drie* te voeg, sê dat die maat van die sonde oorloop.

Telkens word net een of die laaste sonde genoem – die een wat die beker laat oorloop en die oordeel onvermydelik maak. Dit mag ook wees dat die sonde wat telkens by een van die nasies genoem word die een is wat kenmerkend is van daardie nasie.

Die uitdrukking kan ook poëties bedoel wees. Dit wil sê dit is drie plus vier wat 'n mens by sewe die getal van volledigheid uitbring. Constable¹ merk op dat Limberg² 'n studie gedoen het van die rol wat die getal sewe in die boek Amos speel. Met die herhaling van die getal sewe in die boek word die versekering gegee dat die boek inderdaad die Woord van God is volgens Limberg. In die uitspraak teen Israel (Amos 2:6-16) word sewe sondes van Israel genoem (Amos 2:6, 7, 8, 12). Israel se paniek wanneer die oordeel hulle tref, word ook in sewevoud genoem (Amos 2:14-16).

Die Here sluit elke profesie teen die nasies af met die bevestiging dat dit Hy die God van die verbond is wat die woorde gespreek het.

'n Laaste opmerking oor die patroon van hierdie oordeel aankondigings oor die nasies. In hierdie reeks van agt profesieë begin die Here by die buitelandse nasies wat geen verbintenis met Israel het nie. Dit begin in die noorde by die Arameërs met Damaskus as hoofstad. Dan word daar na die suid-weste beweeg na die Filistynse stede Gasa, Asdod en Askelon. Die volgende is in die noord-weste waar Tirus is. Die volgende drie nasies is volke wat nader verwant is aan Israel, naamlik Edom – die nageslag van Esau – Ammon en Moab – die nageslag van Lot by sy twee dogters. Hierdie drie nasies het elkeen op een of ander wyse 'n familie verbintenis met Israel. Die sewende

¹ Constable, TL 2012 Notes on Amos

² Limberg, J "Sevenfold Structures in the Book of Amos," *Journal of Biblical Literature* 106 (1987):217

profesie is teen die volk wat die naaste aan Israel is, naamlik Juda, wat saam met Israel afstammeling is van Jakob. Uiteindelik trek die tou styf om Israel se eie nek.

Amos 1:3-5 – Profesie teen Aram

3 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Damaskus, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle Gílead met ysterdorssleë gedors het. 4 Daarom sal Ek 'n vuur slinger in die huis van Hásael, en dit sal die paleise van Bénhadad verteer. 5 En Ek sal die grendel van Damaskus verbreek en die inwoners uit die laagte van Awen uitroei en die wat die septer dra, uit Bet-Eden, en die volk van Aram sal in ballingskap gaan na Kir, sê die HERE.

Damaskus is die hoofstad van Aram. Aram staan ook bekend as Sirië. In die Nuwe Testament word Sirië meer dikwels gebruik om na hierdie deel van die wêreld te verwys.

Die sonde van Aram wat die beker vir hulle laat oorloop het, is **omdat hulle Gílead met ysterdorssleë gedors het**. Die Gílead wat hier genoem word, is 'n stad oos van die Jordaan in die gebied van Manasse. In die gebied van van Gad – ook oos van die Jordaan – is daar die berg Gílead. Dit is waarskynliker dat die stad Gílead hier bedoel word as 'n verwysing na die inwoners van die stad wat deel is van Israel.

Die sonde van Damaskus wat hier genoem word – **omdat hulle Gílead met ysterdorssleë gedors het** – is gebeure to Hasael en sy seun Benhadad III konings van Aram was tussen 842 en 802 vC. Dit wil sê, sowat tussen veertig en tagtig jaar voordat Amos as profeet opgetree het.

Op bevel van die Here het Elia – nadat hy die Baäl profete by Karmel doodgemaak het en vir Isebel gevlug het – vir Hasael tot koning van Aram gesalf (1 Kon 19:15). Hasael en die Arameërs en later sy seun Benhadad sou die instrument wees in die hand van die Here waarmee Hy sy volk Israel tug (1 Kon 19:17). In 2 Konings 8:7-15 word berig hoe Hasael koning van Aram geword het.

Weens Jehu – wat koning was in Israel van 841 tot 814 vC – se sondes in die voetspore van Jerobeam seun van Nebat (2 Kon 10:29-31) het die Here vir Hasael as die tugroede teen Israel gebruik. Deur middel van Hasael het die Here Israel se

grondgebied aan die ooste kant van die Jordaan kleiner gemaak in die dele waar Gad, Ruben en Manasse gewoon het – die hele Gilead streek (2 Kon 10:32-33). Die bekering het egter by Israel uitgebrei. In die dae van koning Joahas van Israel – die seun van Jehu – het die Here vir Israel in die hande van Hasael en sy seun Benhadad van Aram oorgegee (2 Kon 13:3, 7). Hasael en Benhadad het Israel in Gilead tot stof gemaak soos 'n ysterdorsleë wat oor die grond gaan. Israel is deur hulle stukkend gebreek.

Hierdie onreg van die Arameërs sou nog vars in die geheue van Israel gewees het. Dit het maar in die onlangse verlede gebeur toe Amos teen Damaskus geprofeteer het. Israel sou hulle hieroor kon verheug omdat dit die bewys is dat die Here hulle nie vergeet nie. Hy dink nog aan Israel en gaan die Arameërs vergeld vir die onreg wat hulle Israel aangedoen het.

Die oordeel wat die Here oor Damaskus gaan bring, begin met 'n **vuur** wat Hy **in die huis van Hasael sal slinger** en gevolglik **sal dit die paleise van Benhadad verteer**. Die vuur is kort vir die vurige oordeel van die Here wat die huis van Hasael – die dinastie van Hasael – sal tref. Hierdie oordeel van die Here sal die paleise van Benhadad verteer. Die oorlog sal Damaskus deur vuur verteer word.

Verder sal die Here ook **die grendel van Damaskus verbreek**. Dit waarop Damaskus vertrou het om hulle te beveilig – die stadsmuur en sterk poorte met grendels – sal deur die Here verbreek word. Hy sal die inwoners van die stad en land weerloos maak. Hulle sal hulleself nie meer kan verdedig nie.

Hy sal **die inwoners uit die laagte van Awen uitroei en die wat die septer dra, uit Bet-Eden**. Gewone burgers (inwoners) sowel as regeerders (die wat die septer dra) sal getref word met die dood, want die Here gaan hulle uitroei. Die twee plekke wat genoem word – Awen en Bet-Eden – kan ongelukkig nie met sekerheid aangedui word nie.

Navorsers meen dat die laagte of vallei van Awen moontlik Baalbek of die Bi'kah vallei kan wees. Hierdie vallei is wes van Damaskus tussen die Hermongebergtes en die Libanonberge geleë. Die naam Awen beteken *ydelheid*. Die Here sal letterlik die

vallei leeg maak wanneer Hy die inwoners daarvan uitroei. Die naam Awen word gebruik vir plekke wat bekend is vir hulle afgodery – ’n stad in Egipte (Eseg 30:17), Bet-el in Israel wat bekend was vir die afgodery waarmee Jerobeam die seun van Nebat begin het (Hos 10:8). Hierdie Awen in Aram was bekend vir sy tempel van die son. Bet-Eden beteken *huis van luuksheid of weelde*.

Die Here sal die inwoners en regeerders van Aram wat nie deur die swaard omkom nie in **ballingskap** laat **gaan na Kir**. Kir is ook die plek van oorsprong van die Arameërs (Amos 9:7). Die presiese plek waar Kir geleë is, is onbekend. Dit was egter ’n plek iewers in Mesopotamië. Die Here maak dus Aram skoon en vernietig alles wat Aram bereik het oor die onreg wat hulle Israel aangedoen het.

Hierdie oordeel is voltrek toe koning Tiglat-Pileser III van Assirië in 732 vC Damaskus verower het en koning Resin doodgemaak het en die inwoners na Kir weggevoer het (2 Kon 16:1-13). Dit het nagenoeg dertig jaar na die uitspraak van hierdie profesie gebeur.

Amos 1:6-8 – Profesie teen Filistea

6 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Gasa, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle ’n ganse bevolking in ballingskap weggevoer het om dit aan Edom uit te lewer. 7 Daarom sal Ek ’n vuur slinger in die muur van Gasa, en dit sal sy paleise verteer. 8 En Ek sal die inwoners uit Asdod uitroei en die wat die septer dra, uit Askelon; en Ek sal my hand teen Ekron uitstrek, en die oorblyfsel van die Filistyne sal omkom, sê die Here HERE.

In Filistea was daar vyf stede gewees, naamlik **Gasa, Asdod, Askelon, Ekron** en Gat wat nie genoem word nie. **Gasa** was waarskynlik in hierdie stadium die belangrikste stad van die Filistyne, soos Damaskus die belangrikste stad in Aram was. Die Filistyne is ’n volk wat aan die begin van die twaalfde eeu vC van die eilande in die Middelandse See na Palestina verhuis het. Abraham het al met die Filistyne te doen gehad. Hy het met Abimeleg ’n verbond gesluit oor ’n put by Berseba (Gen 21:22-32). Toe die verbondsvolk die beloofde land in besit geneem het, was die Filistyne al goed gevestig aan die kus. Samgar was die eerste rigter wat die Filistyne verslaan het (Rig 3:31). Deur die eeue het die Filistyne ’n bedrieging vir die verbondsvolk ingehou. Dit was

Dawid wat hulle eers tot in die kusvlakte teruggedring het.

Die vyfde stad van die Filistyne, naamlik Gat, wat nie hier genoem word nie, was aan Amos bekend. Hy maak melding daarvan Amos 6:2. Die rede waarom Gat nie hier genoem word nie, is waarskynlik omdat die stad in hierdie stadium reeds onverdedigbaar gemaak was deur Ussia (2 Kron 26:6).

Die sonde van die Filistyne wat die beker vir hulle laat oorloop het was **omdat hulle 'n ganse bevolking in ballingskap weggevoer het om dit aan Edom uit te lewer**. In oorlogstyd was dit praktyk om die gevange soldate van die vyand wat oorwin is as slawe in die eie land van die oorwinnaar aan te wend. Gasa het nie net die soldate as slawe gebruik nie. Hulle het **'n ganse bevolking** gevange geneem, maar nie om vir hulleself as slawe aan te wend nie. Dit lyk eerder asof hulle nie die slawe nodig gehad het nie, want hulle het **'n ganse bevolking in ballingskap weggevoer om dit aan Edom uit te lewer**. Hulle het soldate en burgers, mans en vroue, groot mense en kinders as slawe aan Edom vir 'n profyt verkoop.

In Joël 3:6 word daar genoem dat die Filistyne die kinders van Juda en die kinders van Jerusalem aan die kinders van Javan verkoop het. Gedurende die regeringstyd van koning Joram van Juda (852-841vC) het die Filistyne saam met die Arabiere die hele koningshuis weggevoer (2 Kron 21:16-17).

Die Filistyne het geen agting vir die waarde van mense se lewens gehad nie. Mense was vir hulle net 'n stuk handelsware waarmee hulle profyt kon maak (Joël 3:3).

Die oordeel wat die Here oor Gasa as die hoofsetel van die Filistyne gaan bring, begin met **'n vuur** wat Hy **in die muur van Gasa sal slinger** en gevolglik **sal dit sy paleise verteer**. Die vuur is kort vir die vurige oordeel van die Here wat die muur van Gasa sal tref. Hierdie oordeel van die Here sal die paleise van Gasa verteer. In die oorloë van daardie tyd is vuur dikwels gebruik om die mure wat die stad omring te verswak. Die Here se oordeel sal Gasa tref en alles en almal binne in verteer.

Die Here sal die gewone burgers en die regeerders in elke stad uitroei. In sy oordeel steek Hy sy hand teen hierdie stede uit. En selfs **die oorblyfsel van die Filistyne** sal

nie die oordeel van die Here vryspring nie. Hulle sal ook omkom. So sê die Here die Verbondsgod.

Die aanvanklike vervulling van hierdie profesie was in die dae van koning Ussia wat Gat onverdedigbaar gemaak het (2 Kron 26:6) en in die dae van koning Hiskia (715 – 696vC) wat die Filistyne teruggedryf het tot by Gasa en die gebied rondom (2 Kon 18:8). Ook deur die hand van die Assiriërs het die Here sy oordeel oor hierdie stede voltrek. Dit is die Assiriërs wat in 722vC Samaria tot 'n val gebring het en die noordelike ryk – Israel – in ballingskap weggevoer het. Hierdie profesie het in die dae van die Makkabeërs (169 – 134vC) heeltemal in vervulling gegaan toe hierdie Filistynse stede totaal vernietig is.³

Amos 1:9-10 – Profesie teen Tirus

9 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Tirus, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle 'n ganse bevolking as ballinge aan Edom uitgelewer het en nie gedink het aan die broederverbond nie. 10 Daarom sal Ek 'n vuur slinger in die muur van Tirus, en dit sal sy paleise verteer.

Tirus en Sidon was twee stede van die Fenisiërs aan die kus noord-wes van Israel. In die tyd van Dawid en Salomo was daar goeie betrekkinge tussen hierdie stede en die verbondsvolk (2 Sam 5:11; 1 Kon 5:1 ev).

Die sonde wat Tirus se beker laat oorloop het, is dieselfde as wat die Filistyne teen die Here en sy volk begaan het. Hulle het **'n ganse bevolking as ballinge aan Edom uitgelewer**. Hulle het dus ook mense as handelsware beskou en hulle aan die Edomiete as slawe verkoop.

Wat egter anders is by Tirus as by die Filistyne is dat hulle **nie gedink het aan die broederverbond nie**. Dit is nie heeltemal duidelik waarna hierdie broederverbond verwys nie. Dit mag 'n verwysing wees na die ooreenkoms wat Salomo met Hiram van Tirus gehad het (1 Kon 5:1 ev). Dit kan ook wees dat hierdie broederverbond na die politieke bondgenootskap verwys toe koning Agab van Israel (874 – 853vC) in die huwelik getree het met Isebel die dogter van koning Etbaäl van Sidon (1 Kon 16:29-

³ Constable, TL 2012 Notes on Amos

31).

Aangesien Tirus dieselfde oortreding teen die Here en sy volk begaan het as wat die Filistyne gepleeg het, kry Tirus dieselfde oordeel uit die hand van die Here as wat die Filistyne kry. In 587vC het Tirus teen die Babiloniërs in opstand gekom en Nebukadnesar het die stad van 585 tot 572vC beleër en die stad het in sy hande geval. Uiteindelik is Tirus ingeneem deur Aleksander die Grote (333vC). Die mag van die Fenisiërs is so gebreek dat hulle nooit weer iets noemenswaardig verrig het nie. Die profesie van die oordeel van die Here oor Tirus soos wat Esegïel dit beskryf gee blyke van die Nebukadnesar sowel as Aleksander die Grote se verowering van Tirus (Eseg 27-29).

Amos 1:11-12 – Profesie teen Edom

11 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Edom, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hy sy broer met die swaard agtervolg het en sy jammergevoel verstik het, sodat sy toorn altyd verskeur en hy gedurigdeur sy grimmigheid behou. 12 Daarom sal Ek 'n vuur slinger in Teman, en dit sal die paleise van Bosra verteer.

Edom is die afstammeling van Esau wat hulle in die Seïrberge gevestig het – dit is suid-oos van Israel en ook suid van die Dooie See (Gen 36:31-39). Van die volke teen wie die Here tot dusver profesieë deur Amos uitgespreek het, is Edom die naaste verwant aan die verbondsvolk. Esau en Jakob is die tweelings seuns van Isak uit wie Edom en Israel onderskeidelik afstam. In die vorige drie profesieë teen die Arameërs, Filistyne en Fenisiërs was die uitspraak van die Here telkens teen die groot stede of hoofstede van hierdie volke – Damaskus, Gasa en Tirus. Van die profesie teen Edom af is die uitspraak van die Here teen die betrokke land en sy bevolking.

Die sonde wat Edom se beker laat oorloop het, is **omdat hy sy broer met die swaard agtervolg het en sy jammergevoel verstik het**. Die haat wat Esau in sy hart vir Jakob gekoester het (Gen 27:41) het voortgewoed in sy nageslag. Edom het die Israëliete deurgang deur hulle grondgebied geweier nadat Israel uit Egipte verlos is (Num 20:14-21).

In die dae toe Dawid en Salomo konings was, was die Edomiete aan Israel onderworpe. Maar in die dae van koning Joram van Juda (853-841vC) het die Edomiete in opstand gekom teen Juda en 'n eie koning oor hulle aangestel (2 Kon 8:20-21). Alhoewel Joram die Edomiete destyds bedwing het, het Edom sy kans afgewag soos wat dit gesê is deur Isak toe Esau by hom gehuil het oor die eerstegeboorte seën (Gen 27:39-40).

In die profesie van Obadja word verhaal hoe Edom hom verlekter het toe Juda in ballingskap weggevoer is. Edom het selfs by die kruispaaie die vlugteling van Juda ingewag om hulle dood te maak. Edom het werklik geen meegevoel vir sy broersvolk gehad nie en het lustig meegedoen aan die vernietiging van die verbondsvolk deur die geskiedenis heen.

Edom se voortdurende haat en moord op sy broersvolk het tot gevolg gehad dat **sy toorn altyd verskeur en hy gedurigdeur sy grimmigheid behou**. Sy woede teen die verbondsvolk het hom gedryf om die Israeliete altyd te verskeur. En die aanhoudende stryd wat hy gehad het met Israel het gemaak dat sy grimmigheid teen Israel behoue gebly het. Dit het nooit afgekoel nie.

Die oordeel wat die Here oor Edom bring, begin met 'n **vuur** wat Hy **in Teman sal slinger** en gevolglik **sal dit die paleise van Bosra verteer**. Die vuur is kort vir die vurige oordeel van die Here wat Edom in die suide sal tref. Teman was 'n streek in die suide van Edom (Eseg 25:13; Jer 49:7, 20). Vandaar af sal die vuur brand en alles verteer tot in Bosra die hoofstad van Edom in die noorde van die land (Jes 34:6; 63:1).

In die agtste eeu vC het die Assiriërs Edom onderwerp en in die vierde eeu vC het 'n Arabiese stam die grondgebied van Edom oorgeneem.

Amos 1:13-15 – Profesie teen Ammon

13 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van die kinders van Ammon, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle die swanger vroue van Gílead oopgesny het om hulle grondgebied uit te brei. 14 Daarom sal Ek 'n vuur aansteek in die muur van Rabba, en dit sal sy paleise verteer, met

krygsgeskreeu op die dag van stryd, in 'n storm op die dag van die orkaan. 15 En hulle koning sal in ballingskap gaan, hy en sy vorste tesame, sê die HERE.

Ammon is die nageslag van Lot se seun Ben-Ammi wat hy in sy dronkenskap by sy jongste dogter verwek het (Gen 19:13-18). Die Ammoniete het noord-oos van die Dooie See gewoon. Ammon is verder verwant aan Israel as wat Edom aan hulle verwant is.

Die oortreding wat die beker van Ammon tot oorloopenstoe volgemaak het, is **omdat hulle die swanger vroue van Gilead oopgesny het om hulle grondgebied uit te brei**. Die gebied van Israel wat deur die Ammoniete geteister is – Gilead – is dieselfde streek in Israel se grondgebied wat deur die Arameërs van Damaskus geteister is. Damaskus het met ysterdorssele Gilead gedors. Op 'n wreedaardige wyse het hulle die kosbare dinge van Gilead vir hulleself ingesamel. Ammon se wreedaardigheid teenoor die mense van Gilead gaan nog verder. Hulle het die swanger vroue van Gilead oopgesny om hulle grondgebied uit te brei.

Deur die swanger vroue oop te sny het Ammon nie net die bevolking van tans in Gilead gedood nie, maar ook die toekoms van Gilead vermoor. En hulle het dit bloot gedoen omdat hulle hulleself materieel wou bevoordeel.

Die oordeel waarmee die Here Ammon gaan tref, begin met 'n **vuur** wat Hy in **die muur van Rabba** gaan aansteek. Die Here sal ook hier die verdedigingstelsel van die Ammoniete tot niet maak. Rabba is die hoofstad van die Ammoniete. Dit is die huidige stad Amman. Die gevolg van hierdie vuur wat die Here sal aansteek is dat **dit sal sy paleise verteer**. Die koninklikes van Ammon sal gedood word.

Hoe dit op die dag van oordeel vir Ammon sal wees, word met twee beelde beskryf. Dit sal gebeur **met krygsgeskreeu op die dag van stryd, in 'n storm op die dag van die orkaan**. Daar sal oorlog wees teen Ammon. En hierdie oorlog sal so verwoestend en oorweldigend wees soos 'n storm op die dag van die orkaan. Ammon sal nie weet wat hom getref het nie.

Die uiteinde van hierdie slag teen Ammon is dat sy **koning en vorste** in ballingskap

sal gaan. Nie net die huidige regeerder van Ammon nie, maar ook die toekomstige regeerder van Ammon sal weggevoer word in ballingskap. Die Here tref die Ammoniete met die oordeel waarmee hulle teen Gilead gesondig het.

Die Here Ammon met sy oordeel begin tref toe Tiglat-Pileser III van Assirië in 734vC Ammon ingeneem het. Die oordeel is voortgesit deur die hand van Nebukadnesar wat Rabba tot 'n val gebring het en die inwoners in ballingskap weggevoer het in 586vC. Die laaste verwysing na Ammon is wanneer Judas Makkabeus die Ammoniete oorwin (1 Mak 5:6-7).